# GRASPERKE EN BESPROEIINGSTELSELS AFDELING

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

1. Skade aan Grasperke (indien geselekteer om verseker te wees en in die bylae aangedui as die tipe versekerde item) by die perseel in die bylae vermeld deur die gevare vervat in die omskrywing van "Gespesifiseerde Gevare alleenlik";
2. Skade aan Besproeiingstelsels soos omskryf (indien geselekteer om verseker te wees en in die bylae aangedui as die tipe versekerde item) by die perseel soos vermeld in die bylae, óf deur die gevare vervat in die omskrywing van "Gespesifiseerde Gevare alleenlik" (indien in die bylae as ingesluit vermeld) óf deur die dekking verskaf ingevolge "Alle Risiko's (gespesifiseerde gevare ingesluit)" soos omskryf (indien in die bylae as ingesluit vermeld);
3. Aanspreeklikheid van die Versekerde teenoor derdepartye soos meer omvattend hieronder uiteengesit onder die omskrywing van Aanspreeklikheid teenoor derdepartye (maar slegs indien Aanspreeklikheid teenoor derdepartye in die bylae as ingesluit vermeld is).

## OMSKRYWINGS

**Alle risiko's (gespesifiseerde gevare ingesluit)** sal beteken toevallige fisiese verlies van of skade aan besproeiingstelsels weens enige oorsaak, maar uitgesluit:

1. verlies of skade veroorsaak deur of wat voortspruit uit detensie, konfiskering, beslaglegging, vernietiging of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid of ander geregtelike proses;
2. verlies of skade waarvoor 'n verskaffer, kontrakteur of hersteller wetlik of ingevolge 'n kontrak verantwoordelik is;
3. verlies of skade veroorsaak deur of wat voortspruit uit enige oneerlike skema, skelmstreek, plan of valse voorwendsel toegepas op die Versekerde (of enige persoon onder wie se toesig versekerde eiendom is) of bedrog of die oneerlikheid van enige prinsipaal of agent van die Versekerde;
4. verlies of skade veroorsaak deur of wat voortspruit uit oorverhitting, inploffing, kraking, brekasie, sweisbreuk, nippellekkasie of ander gebrek van enige houers, pype, buise of soortgelyke apparaat;
5. verlies of skade veroorsaak deur of wat voortspruit uit enige verandering, bleiking, skoonmaak, kleuring, vervaardiging, herstel, opknapping, versiening, restourasie, toetsing of enige ander werk daaraan;
6. verlies of skade veroorsaak deur of wat voortspruit uit foutiewe of gebrekkige ontwerp, formule, spesifikasie, tekening, plan, materiaal, vakmanskap of professionele advies, gewone instandhouding, geleidelike agteruitgang, waardevermindering, wegvreting, roes, oksidasie of ander chemiese werking of reaksie, ryp, verandering in temperatuur, uitsetting of vogtigheid, gisting of ontkieming, klamheid, droogheid, nat of droë verrotting, krimping, verdamping, gewigsverlies, kontaminasie, besoedeling, verandering in kleur, geur, tekstuur of afwerking of eie slytasie;
7. verlies of skade veroorsaak deur of wat voortspruit uit termiete, motte, insekte, ongedierte, inherente fout, dampe, defek, latente defek, wisseling in atmosferiese of klimaatstoestande of die werking van lig;
8. verlies van of skade aan chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe te wyte aan lekkasie of ontlading uit die houer waarin dit gehou word;
9. verlies of skade voortspruitende uit lekkasie of ontlading van chemikalieë, olie, vloeistowwe, gasse of dampe;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - Van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

10. verlies of skade veroorsaak deur of wat voortspruit uit die uitoefening van enige wettig ingestelde owerheid om water, gas of elektrisiteit te voorsien van sy mag om toevoer te weerhou of beperk, tensy sodanige weerhouding of beperking regsteeks toegeskryf kan word aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid,

11. verlies of skade veroorsaak deur of wat voortspruit uit onderbreking en/of die doelbewuste weerhouding van en/of gebrek aan toevoer van water, stoom, gas, elektrisiteit, brandstof of verkoelingsmiddel;

12. verlies of skade veroorsaak deur of wat voortspruit uit droogte.

**Grasperke** sal beteken enige area op 'n gholfbaan of by 'n rolbalklub, soos omskryf in die bylae en wat as 'n setperk, T-boks en skoonveld vir die spel van gholf en/of rolbal uitgewys is, besit deur en onder die beheer van die Versekerde, insluitend, indien so aangedui in die bylae, dammetjies, brûe, geteerde of geplaveide paaie en soortgelyke strukture wat as integrale dele van sodanige setperke, T-bokse of skoonveld gesien word.

**Gespesifiseerde gevare alleenlik** sal beteken en verlies of skade aan die versekerde item insluit, deur:

- Brand (insluitende skade veroorsaak deur rook wat regstreeks voortspruit uit sodanige brand);
- Weerlig of donderslag (insluitende skade veroorsaak deur kragstuwing wat regstreeks uit sodanige weerligslae voortspruit);
- Ontploffing;
- Aardbewing (hetsy dit voortspruit uit mynbou bedrywighede of andersins en insluitende skade veroorsaak deur vloedgolwe of tsoenami's wat regstreeks uit sodanige aardbewing voortspruit);
- Messtowwe, chemikalieë en/of besmette water met dien verstande dat skade beperk is tot Grasperke (indien verseker) en beperk tot die persentasie (%) van die versekerde bedrag ten opsigte van die versekerde Grasperke soos in die bylae vermeld;
- Onderbreking van watertoevoer (soos meer omvattend en apart omskryf);
- Impak (soos meer omvattend en apart omskryf);
- Kwaadwillige beskadiging (soos meer omvattend en apart omskryf);
- Weer en water (soos meer omvattend en apart omskryf).

**Onderbreking van watertoevoer** soos na verwys onder die omskrywing van "Gespesifiseerde gevare alleenlik" sal beteken skade aan Grasperke veroorsaak deur totale of gedeeltelike onderbreking van die watertoevoer na die perseel van die Versekerde, maar sal nie skade insluit nie, wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak is deur:

1. droogte;
2. water- of brandstoftekort;
3. die uitoefening van enige owerheid wat wetlik gemagtig is om water te voorsien van sy reg om die voorsiening te weerhou of te beperk;
4. meganiese of elektriese of elektroniese onklaarraking tensy sodanige algehele of gedeeltelike versuim langer as 7 dae vanaf die aanvang daarvan voortduur.

**Impak** soos na verwys onder die omskrywing van "Gespesifiseerde gevare alleenlik" sal beteken en insluit impak deur:

1. lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word (insluitende soniese skokgolwe of enige ander skade veroorsaak deur lugvaartuie);

2. rotse, klippe of rotsblokke (uitgesluit impak veroorsaak deur grondverskuiwing, die opsetlike of voorbedagte of moedswillige dade van enige persoon wat gepleeg word met die bedoeling om sodanige skade aan te rig of impak deur meteoriete, astroïede of soortgelyke liggame wat die aarde se atmosfeer binnekom);

3. diere, bome, antennas, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennas, satellietskottels of voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.

**Besproeiingstelsels (landbou-spilpunte)** indien in die bylae as die tipe versekerde item vermeld, sal beteken en die volgende insluit:

Vir interne makelaargebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

- volledige stel torings;
- sentrale punt (middelpunt) en stut;
- oorhang;
- bande aan elke toring;
- kragboks/kontrolepaneel by die sentrale punt;
- alle ander toerusting wat vas is aan en deel vorm van die torings,

maar sal die volgende uitsluit:

- pompe, ongeag of dit uitsluitlik vir die spilpunt gebruik word of nie;
- kragkabelverlengings, hetsy bogronds of ondergronds, vanaf die sentrale punt tot by die openbare kragtoevoer;
- enige kragboks/kragpunt wat nie deel vorm van die torings of geheg is aan die sentrale punt nie.

**Besproeiingstelsels (gholfbane en ander sportgronde/-velde en/of tuine)** indien in die bylae as die tipe versekerde item vermeld, sal beteken en insluit alle komponente waaruit die geïnstalleerde besproeiingstelsel bestaan soos pype, sprinkelaars, sprinkelaarkoppe, pompe en pomphuise, maar uitgesluit damme en damwalle.

**Aanspreeklikheid teenoor derdepartye** sal beteken skadevergoeding wat die Versekerde regtens aanspreeklik sal word om te betaal as gevolg van:

1. dood of liggaamlike besering van enige persoon, maar met uitsluiting van dood of liggaamlike besering aan enige persoon in die diens van die Versekerde wat voortspruit uit en in die loop van sodanige diens of wat ‘n lid is van dieselfde huishouding as die Versekerde;
2. skade aan eiendom buiten eiendom wat aan die Versekerde behoort of wat deur hom in trust gehou word of wat onder die bewaring of beheer van die Versekerde is

veroorsaak deur enige Besproeiingstelsels (landbou-spilpunte) soos omskryf, wat ingevolge hierdie afdeling verseker is in terme van omskrewe gebeurtenis 2, maar uitgesluit aanspreeklikheid vir:

1. enige eis wat voortspruit uit kontraktuele aanspreeklikheid, tensy sodanige aanspreeklikheid op die Versekerde van toepassing sou wees nieteenstaande sodanige kontraktuele ooreenkoms;
2. enige gevolglike verlies.

**Kwaadwillige beskadiging** soos na verwys ingevolge die omskrywing van “Gespesifiseerde gevare alleenlik” sal beteken skade wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan versekerde eiendom wat:

1. gesteel word;
2. beskadig word in ’n poging om dit of ’n deel daarvan van die perseel soos in die bylae vermeld, te verwyder, met die bedoeling om enige gedeelte daarvan te steel.

Met dien verstande dat hierdie Gespesifiseerde gevaar nie dek nie:

1. skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;
2. gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;
3. skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;
4. skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

5. skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsluiting 1 (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling 1 tot 5 hierbo beweer dat hierdie gevaar nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

**Weer en water** soos na verwys ingevolge die omskrywing van "Gespesifiseerde gevare alleenlik" sal beteken storm, wind, water, hael of sneeu, maar uitgesluit:

1. skade aan enige versekerde item wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan en wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;
2. skade aan enige versekerde item wat veroorsaak word deur 'n vloedgolf of tsoenami wat ontstaan as gevolg van 'n aardbewing;
3. skade aan enige versekerde item wat keermure is tensy so omskryf in die bylae as 'n spesifieke ingesluite item wat deel is van die Grasperke;
4. slytasie of geleidelikwerkende agteruitgang;
5. skade aan enige versekerde item veroorsaak of vererger deur insakking of grondverskuiwing;
6. skade aan enige versekerde item veroorsaak of vererger deur die Versekerde se versuim om alle redelike voorsorgmaatreëls in plek te stel vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde items en om enige skade tot die minimum te beperk.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Hierdie afdeling dek nie:

1. vulkaniese uitbarsting of ander natuurontwrigting (behalwe ondergrondse brand);
2. skade aan eiendom wat veroorsaak word deur enige verhittings- of drogingsproses wat dit ondergaan;
3. skade aan eiendom wat ten tyde van die skade verseker was deur 'n marinepolis, of, nieteenstaande hierdie versekering, verseker kon gewees het deur enige marinepolis(se), behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge die marinepolis(se) betaalbaar sou gewees het indien hierdie versekering nie aangegaan is nie.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

## 1. Eweredigheid

Indien die waarde van die versekerde eiendom by die plaasvind van 'n versekerde gebeurtenis ingevolge omskrewe gebeurtenis 1 en 2 meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy diensooreenkomstig 'n eweredige gedeelte van die verlies. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie spesifieke voorwaarde onderworpe.

## 2. Versekerde bedrag vir omskrewe gebeurtenis 3

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge omskrewe gebeurtenis 3 vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat voortspruit uit een oorsaak of voorval in verband met enige enkele versekerde item van Besproeiingstelsels (landbou-spilpunte) sal hoogstens die versekerde bedrag beloop in die bylae vermeld teenoor "Aanspreeklikheid teenoor derdepartye" wat alle koste, uitgawes en regskoste sal insluit wat deur 'n eiser of aantal eisers teen die Versekerde verhaalbaar is of deur die Maatskappy aangegaan is of deur die Versekerde aangegaan is met die Maatskappy se vooraf toestemming:

2.1 in die verdediging of skikking van enige eis vir Aanspreeklikheid teenoor derdepartye of enige aksie of vervolging wat teen die Versekerde aanhangig gemaak word met betrekking tot dood, liggaamlike besering of skade aan eiendom soos verseker in terme van omskrewe gebeurtenis 3;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

2.2 in die verteenwoordiging by enige geregtelike doodsondersoek of ongeluksnavraag met betrekking tot dood of liggaamlike besering wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge omskrewe gebeurtenis 3 mag wees, en/of in die verdediging van enige verrigtinge in 'n Hof van Bevoegde Jurisdiksie ten opsigte van aangeleenthede wat die onderwerp van skadeloosstelling deur omskrewe gebeurtenis 3 mag wees.

## 3. Herstel

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word na 'n versekerde gebeurtenis ten opsigte van omskrewe gebeurtenisse 1 en 2 is die koste van die vervanging of herstel op dieselfde terrein met eiendom van dieselfde soort of tipe maar nie beter of omvangryker as sodanige versekerde eiendom toe dit nuut was nie, met dien verstande dat:

3.1 die vervanging of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op 'n ander terrein en op enige manier wat voldoen aan die vereistes van die Versekerde onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer moet word, anders word geen betaling gedoen bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het as hierdie memorandum nie by hierdie afdeling ingelyf was nie;

3.2 totdat die uitgawes deur die Versekerde aangegaan word vir vervanging of herstel van die eiendom, die Maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaardes nie hierby ingelyf was nie;

3.3 indien die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het vir vervanging of herstel as al die versekerde eiendom verlore of beskadig was ten tyde van vervanging of herstel die bedrag oorskry waarteen dit verseker was by die aanvang van enige skade, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy 'n eweredige deel van die verlies. Elke item waarop hierdie voorwaarde van toepassing is, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorbehoudsbepaling onderworpe;

3.4 hierdie voorwaarde sal van nul en gener waarde wees en die bedrag betaalbaar sal terugkeer na die redelike markwaarde indien:

3.4.1 die Versekerde versuim om die Maatskappy binne ses maande vanaf die versekerde gebeurtenis of sodanige verdere tydsverlenging as wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat in kennis te stel van sy voorneme om die verlore of beskadigde versekerde eiendom te vervang of te herstel;

3.4.2 die Versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die verlore of beskadigde versekerde eiendom op dieselfde of op 'n ander terrein te vervang of te herstel.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word) onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae onder elke uitbreiding.

## **Kapitaaltoevoegings** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling dek verbouings, verbeterings en toevoegings, maar nie waardevermeerdering bó die versekerde bedrag(e) nie aan versekerde Grasperke vir 'n bedrag van hoogstens die persentasie (soos in die bylae vermeld) van die bedrag waarteen dit verseker is, met dien verstande dat die Versekerde onderneem om die Maatskappy elke kwartaal (of elke maand indien die premie maandeliks per debietorder betaal word) van sodanige verbouings, verbeterings en toevoegings in kennis te stel en die toepaslike bykomende premie daarop te betaal.

## **Koste van sloping** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit die koste in wat noodsaaklikerwys deur die Versekerde aangegaan word ten opsigte van die sloping van die eiendom wat ingevolge omskrewe gebeurtenis 1 en 2 verseker is en/of die verwydering van puin en die verskaffing, oprigting en instandhouding van skuttings wat vereis word gedurende sloping, terreinopruiming en/of boubedrywighede ná skade aan die versekerde eiendom weens 'n omskrewe gebeurtenis, met dien verstande dat die

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

totale bedrag wat verhaalbaar is hoogstens die versekerde bedrag op die eiendom wat geraak word, beloop.

Die Maatskappy betaal nie vir enige koste of uitgawe nie:

1. aangegaan vir die verwydering van puin behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein;

2. voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie ingevolge hierdie polis of afdeling verseker is nie.

## **Brandbluskoste** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die eiendom verseker ingevolge omskrewe gebeurtenis 1 en 2 te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie omskrewe gebeurtenisse aanspreeklik mag wees, met dien verstande dat die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## **Vriesing, ryp en temperatuurverandering** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling word uitgebrei om verlies van of skade aan die versekerde Besproeiingstelsels (landbou-spilpunte) te dek weens vriesing, ryp of temperatuurverandering, met dien verstande dat:

1. die Besproeiingstelsel toegerus is om outomaties water uit te laat wanneer die temperatuur laer as 2,5ºC daal;
2. slegs skade aan die hoofstruktuur is gedek (sprinkelaars of die pype van sprinkelaars word uitgesluit van die omvang van dekking ingevolge hierdie uitbreiding).

## **Munisipale plan ondersoekgelde** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge omskrewe gebeurtenis 1 en 2 sluit die munisipale plan ondersoekgelde in, met dien verstande dat die totale bedrag wat ingevolge enige item verhaalbaar is hoogstens die versekerde bedrag beloop soos in die bylae vermeld ten opsigte van die item wat geraak word.

## **Professionele gelde** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering van Grasperke soos in die bylae aangedui en hierin omskryf, sluit professionele gelde in, insluitende, maar nie beperk nie tot, argiteks- en bourekenaarsfooie (vir beramings, planne, spesifikasies, bestekopnames, tenders en toesig) wat noodsaaklikerwys aangegaan word om die versekerde eiendom te herstel of te vervang ná skade weens 'n omskrewe gebeurtenis, maar in geen geval oorskry dit die persentasie soos in die bylae vermeld van die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van sodanige skade nie en met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag hoogstens die versekerde bedrag van die eiendom wat geraak word, beloop.

Die bedrag betaalbaar vir sodanige fooie sal nie uitgawes wat aangegaan is ter voorbereiding van die Versekerde se eis, insluit nie.

## **Klousule: Vereistes van openbare owerhede**

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit sodanige bykomende herstel- of herbouingskoste in as wat ten opsigte van die beskadigde eiendom aangegaan word, alleenlik weens die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies wat opgestel is ingevolge enige wet van die parlement of ordonnansie van enige provinsiale, munisipale of ander plaaslike owerheid, met dien verstande dat:

1. die bedrag wat ingevolge hierdie klousule verhaalbaar is nie die volgende insluit nie:

    1.1 die koste wat aangegaan word ter voldoening aan enige van die bogemelde regulasies:

        1.1.1 ten opsigte van skade wat voorgekom het voordat hierdie klousule toegestaan is;
        1.1.2 ten opsigte van skade wat nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie;
        1.1.3 ingevolge waarvan kennis aan die Versekerde gegee is voordat die skade plaasgevind het;
        1.1.4 ten opsigte van onbeskadigde eiendom of onbeskadigde dele van die eiendom;

    1.2 die bykomende koste wat nodig sou gewees het om die beskadigde eiendom te herstel tot 'n toestand wat gelyk is aan sodanige eiendom se toestand toe dit nuut was, indien die noodsaaklikheid om aan enige van die bogemelde regulasies te voldoen, nie ontstaan het nie;

    1.3 die bedrag van enige munisipale of ander belasting, ontwikkelings- of ander heffing of aanslag wat uit waardevermeerdering voortspruit en wat betaalbaar mag wees ten opsigte van die eiendom of deur die eienaar daarvan weens voldoening aan enige van die bogemelde regulasies;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

2 die herstel- of herbouwerk met redelike spoed begin en uitgevoer word en dit mag in die geheel of gedeeltelik op 'n ander terrein uitgevoer word (indien bogemelde regulasies dit vereis), onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie klousule nie daardeur verhoog word nie;

3 indien die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge enige item van hierdie afdeling, afgesien van hierdie klousule, verminder word deur die toepassing van enige van die bepalings, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling, die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie klousule ten opsigte van enige sodanige item in dieselfde verhouding verminder word;

4 die totale bedrag wat verhaalbaar is ingevolge enige item van hierdie afdeling, hoogstens die bedrag beloop wat daarvolgens verseker is.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge